Sing vooraf staande: Psalm 130:1, 2 (p. 635)

1 Uit dieptes, gans verlore, / van redding ver vandaan,
waar hoop se laaste spore / in wanhoop my vergaan;
uit diep van donker nagte / roep ek, o HERE, hoor,
en laat my jammerklagte / tog opklim in u oor!

2 As U, o HEER, die sonde / na reg wou gadeslaan,
wie sou een enk'le stonde / voor U, o HEER, bestaan?
Maar nee, daar is vergewing / altyd by U gewees;
daarom word U met bewing / reg kinderlik gevrees.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 103:1, 3 (p. 504)

1 Loof, o my siel, en alles wat in my is, / loof, loof die HEER in wie 'k van harte bly is!
Verhef sy heil'ge Naam met lof en prys! / Laat hoor, my siel, die stem van dankgebede,
vergeet nooit een van sy weldadighede, / vergeet Hom nie wat jou sy guns bewys.

3 Loof Hom wat met die goeie jou versadig, / jou lewenskrag van nuuts af begenadig,
sodat jou jeug is soos die arendsjeug. / Die HEER doen reg – Hy is die hoogste rigter –,
vergeld die kwaad en straf die onregstigter, / maar aan verdruktes skenk Hy ruimte en vreug.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 32:1, 3 (p. 151)

1 Welsalig wie van skuld en straf onthewe, / die woord mag hoor: jou sondes is vergewe.
Want God wat groot is in barmhartigheid, / het hom vergewe en skeld die skuld hom kwyt.
Welsalig wie die HEER geen enkel stonde / toereken wil die boosheid van die sonde
en wie se gees, van alle valsheid vry, / voor God ootmoedig al die skuld bely.

3 Ek het bely, o HEER – in sielerou nie / my hart gegrendel of my mond weerhou nie.
Ek het bely wat my van U vervreem, / U het my skuld genadig weggeneem.
Dus kom Gods volk, dus kom al sy bemindes / om Hom te soek terwyl sy guns te vind is;
die lewensee mag met sy golwe slaan, / dit deer hul nie, dit raak hul selfs nie aan.

Gebed

Psalm 143:1, 2 (p. 688)

1 O HEER, ek roep, hoor my gebede. / Daar is in my geen stilte of vrede!
Ek smeek tot U, o hoor my nou! / Ek pleit op u geregtighede,
en ek verlaat my op u trou.

2 Ag, reken met u kneg nie af nie, / en wil my na u wet nie straf nie;
want niemand wat voor U bestaan, / kan pleit- of regsgrond ooit verskaf nie,
dat hy u vonnis sou ontgaan.

Skriflesing: Efesiërs 2:1-10; Johannes 15:1-8; Lukas 17:7-10;

Heidelbergse Kategismus, Sondag 24

Kernvers: Efesiërs 2:8-9; Johannes 15:5; Lukas 17:10

Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie. (Efesiërs 2:8-9 AFR53)

Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie. (Johannes 15:5 AFR53)

So ook julle, wanneer julle alles gedoen het wat julle beveel is, sê dan: Ons is onverdienstelike diensknegte, want ons het gedoen wat ons verplig was om te doen. (Lukas 17:10 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 62: Maar waarom kan ons goeie werke nie die geregtigheid voor God of 'n deel daarvan wees nie?

Antwoord: Omdat die geregtigheid wat voor die oordeel van God kan bestaan, heeltemal volmaak moet wees en in alle opsigte met die wet van God ooreen moet stem (a), en omdat ook ons beste werke in hierdie lewe almal onvolmaak en met sondes besmet is (b).
(a) Gal 3:10; Deut 27:26. (b) Jes 64:6.

Vraag 63: Verdien ons goeie werke dan niks nie, terwyl God hulle tog in hierdie en in die toekomstige lewe wil beloon?

Antwoord: Hierdie beloning word nie uit verdienste nie, maar uit genade gegee (a).
(a) Luk 17:10.

Vraag 64: Maar maak hierdie leer nie mense onverskillig en roekeloos nie?

Antwoord: Nee, want dit is onmoontlik dat 'n mens wat deur 'n ware geloof in Christus ingeplant is, nie vrugte van dankbaarheid sal voortbring nie (a).
(a) Matt 7:18; Joh 5:5.

Tema: Omdat jy vrygespreek voor God staan, doen jy goeie werke

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, in Sondag 23 bely ons troosvol van God se genade-daad in Christus Jesus vir ons. ***Al kla ons gewete ons aan dat ons teen al God se gebooie swaar gesondig het en al is ons steeds geneig tot alle kwaad, nogtans skenk God aan ons sonder enige verdienste van ons kant uit louter genade die volkome genoegdoening, geregtigheid en heiligheid van Christus***. Deur die geloof werk die Heilige Gees hierdie troos in ons, sodat ons verseker mag weet dat ons voor God mag verskyn as vrygespreekte mense. Ons is so volkome vrygespreek op grond van Christus se versoeningswerk dat God met ons werk asof ons nog nooit enige sonde gedoen of gehad het nie.

Aanvanklik is 'n mens so oorweldig met hierdie troos dat 'n mens net lof- en dankliedere tot eer van God kan aanhef. Soos 'n kind kan 'n mens net dankie sê vir God. As ons tog maar soos kinders in hierdie opsig kon gebly het. Maar nou gebeur dit nie so in ons daaglikse lewe nie. Van nature wil ons eerder grootmense wees in plaas daarvan om kinders by die Here te bly. En as grootmense wil ons met ons verstand begin redeneer en sê dat dit onmoontlik is om so 'n groot genade heeltemal verniet te kry.

Dit is by hierdie gesindheid van grootmens wees in die geloof waarby ons Kategismus in Sondag 24 aansluit. Ons mense kan maar net nie glo dat Christus se versoeningswerk heeltemal genoegsaam is om ons as geregverdigdes voor God te kan laat staan nie. Mense wil tog so graag iets bydra om net doodseker te maak dat God hulle wel as sy kinders sal aanneem. En die bydrae wat mense wil maak, is hulle goeie werke. Luister mooi hoe dit gesê word: Mense wil goeie werke doen sodat God hulle as sy kinders sal aanneem. Gelowige mense wat dan goeie werke wil doen as bydrae tot hulle vryspraak, wil nog nie aanvaar dat hulle reeds kinders van God is nie.

Hierdie goeie werke is nie sommer die dinge wat alle mense, gelowig en ongelowig, onderling as goed beskou nie. Dit is die goeie werke waarvan Paulus ook praat as hy praat van die werke van die wet. Om die wet van die Here na te kom is mos goeie werke. Dit is immers ook net hierdie goeie werke wat die Here self as goeie werke bestempel.

Daarom, geliefdes, word daar gevra, ***waarom kan ons goeie werke nie die geregtigheid voor God of 'n deel daarvan wees nie?*** Anders gestel: Kan ons goeie werke verseker dat God ons sal vryspreek of dalk net bydra tot ons vryspraak? Om hierdie vraag behoorlik te kan beantwoord moet 'n mens eers seker maak hoe jy 'n kind van God word. Dit wil sê, hoe word 'n mens van die ewige dood gered.

Paulus skryf aan die Efesiërs:

> **Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie.**
> (Efesiërs 2:8-9 AFR53)

God die Vader het Jesus Christus gegee en Hy het die dure prys aan die kruis betaal sodat ons van ons sondes verlos kan wees. So is ons gered en hierdie redding is 'n gawe, of 'n geskenk, van God. As jy 'n geskenk van iemand ontvang, sal jy tog nooit vra wat jy die persoon skuld nie. Jy sal net sê: Baie dankie!

Maar nou is daar hoogmoedige, gelowige sondaars vir wie hierdie verlossing uit vrye genade 'n struikelblok is. Dit is hierdie hoogmoedige soort mens wat op sy eie prestasies voor God wil roem en dink dat God hom op grond van sy prestasies moet red. Die Here leer ons egter op baie plekke in die Bybel soos hier in Efesiërs 2: Die redding is uit genade alleen deur die geloof in Jesus Christus. Daarom kan goeie werke niks bydra tot jou vryspraak voor God nie. God gee die redding verniet, soos 'n geskenk, aan jou. Daarom, wanneer dit by ons verlossing kom, is daar niks wat jy kan doen sodat jy enigsins op jou eie prestasie kan roem nie. Niks wat ons doen gaan bydra tot ons verlossing nie – nie eers ons goeie werke nie.

Inteendeel, as ons met ons goeie werke wou verseker dat God ons sal vryspreek of miskien net bydra tot ons vryspraak, moes ons goeie werke honderd persent volmaak wees. Elke gedagte, woord en daad moes presies volgens die wet van die Here wees en sonder enige sweempie van sonde. Die Here verdra nie halwe werk nie. Hy verwag honderd persent gehoorsaamheid, want Hy gee honderd persent liefde.

Dit gaan ook nie help om te sê dat ek darem vyf van die tien gebooie honderd persent gehoorsaam het nie. Nie eers nege en negentig komma nege persent is genoeg nie. Daarom kan jy nie sê jy het die hele wet van God nagekom behalwe 'n paar klein dingetjies nie. Al tien die gebooie word immers in hierdie twee gebooie saamgevat:

> **Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.** (Matteus 22:37, 39 AFR53)

As jy dan – in jóú oë – net een klein oortredinkie teen een gebod begaan het, is jy aan die hele wet skuldig, want dan het jy God en jou naaste nie honderd persent liefgehad nie.

Kom ons sê dit nog een keer in ander woorde: As ek met my gehoorsaamheid aan die wet van die Here wil sorg dat God my sal vryspreek, moet ek in alle eerlikheid kan sê:

- Ek het nooit iets gedoen wat God nie wil hê ek moet doen nie.
- Ek het nooit nagelaat om iets te doen wat God my beveel het om te doen nie.

- Ek het nog nooit ’n verkeerde daad gedoen nie, nog nooit ’n sondige of ’n ydele woord gesê nie, en daar het nog nooit ’n sondige gedagte by my opgekom nie.
- Ek het God altyd bo alles liefgehad en my naaste soos myself.

Slegs wanneer ’n mens dít kan sê, kan jy met jou goeie werke jou redding verdien.

Maar daar is nie een mens op die hele aarde wat daarop aanspraak kan maak dat hy of sy al tien die gebooie honderd persent gehoorsaam het nie. Die Here sê self hoe die mense is. Ons het verlede Sondag ook daarvan in Romeine 3 gelees:

Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie. (Romeine 3:10 AFR53)

Ag, ons beste goeie werk wat deur ander mense aangeprys kan word, is maar soos vuil klere (Jes 64:6). Dit is met sonde bevlek, want elke opdrag waaraan die mens sy hand in hierdie lewe waag, word bevuil met sonde.

Nou kan ons die vraag in ons Kategismus beter verstaan. As dit is hoe ons lewe lyk, is dit mos te verstane dat God ons nooit op grond van ons goeie werke sal kan vryspreek om erfgename van die ewige lewe te wees nie. Wie egter met sy eie goeie werke die redding probeer verdien, gaan met goeie werke en al verlore. God spreek ons alleenlik vry deur die geloof in Jesus Christus. Dit is immers net Christus wat aan die wet van die Here honderd persent gehoorsaam kon wees en ook nog die skuld van ons sondes aan die kruis kon betaal. My goeie werke verdien dus niks wanneer dit by my verlossing kom nie.

Beteken dit dan nou dat ’n mens glad nie goeie werke hoef te doen nie? Kan ’n mens nou maar onverskillig en roekeloos lewe, want jy is mos klaar vrygespreek in Jesus Christus? Broers, susters en kinders, hierdie vrae is nie vergesog nie. Paulus het al in sy lewe daarmee te doen gekry. Die Roomse Kerk het die Protestante dit ook beskuldigend gevra, want daar was mense in die dae van die Hervorming wat hulle ook afgeskei het van die Roomse Kerk maar hulle nie by die Protestantse Kerke gevoeg het nie. Hulle is die Wederdopers van wie ons soveel kere in ons Nederlandse Geloofsbelydenis hoor. Hulle het gesê: Christus se bloed verseker dat ons kinders van God is. Daarom kan ons nou maar leef soos ons wil. Ons kan selfs roekeloos en onverskillig leef, dit maak nie saak nie. As ’n mens een maal deur Jesus Christus gered is, kan niks dit verander nie, nie eens ’n roekelose lewe nie.

Die Heilige Gees begelei ons egter met die Bybel om te sien dat goeie werke tog noodsaaklik is. Goeie werke is wel waardeloos as ’n mens dit in die plek van Christus wil stel. Maar daarmee het ons nie die goeie werke geheel en al as waardeloos bestempel nie. Paulus wys ons ook op die regte plek van goeie werke. Ons word nie opgeroep om goeie werke te doen sodat ons gered kan word nie. Dit is presies andersom: Ons is klaar gered! God het ons gered net omdat Hy wou! En God het ’n doel met ons redding, naamlik **om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het** (Efesiërs 2:10 AFR83). Ons doen nie goeie werke sodat ons God ons as sy kinders moet aanneem nie. Inteendeel, ons het die verlossing as ’n geskenk gekry en nou doen ons goeie werke omdat ons die geskenk het en dankbaar daarvoor is.

Dit is dus nie die vashou aan die Bybelse leer, soos wat ons Gereformeerdes dit doen, wat maak dat mense roekeloos is oor goeie werke nie. Dit is wanneer mense die waarheid van die Here oor redding en goeie werke vervals en verdraai dat mense roekeloos word. Daarom bely ons: ***Dit is onmoontlik dat ’n mens wat deur ’n ware geloof in Christus ingeplant is, nie vrugte van dankbaarheid sal voortbring nie***.

Die Heilige Gees maak dit wat ons bely vir ons nogeens duideliker met die woorde van Jesus in Johannes 15. Christus is die ware wingerdstok en sy Vader is die boer. Elke ware gelowige wat waarlik glo dat God hom en haar vrygespreek het op grond van Christus se verlossingswerk, is 'n loot wat op die ware wingerdstok ingeplant is. Nou weet ons almal wat gebeur met 'n loot wat in 'n wingerdstok ingeplant is. Die lewensap word uit die wingerdstok in die lote ingestoot. Die gevolg hiervan is dat die lote begin bot en binnekort begin hulle vrugte dra en sommer baie vrugte. Met hierdie bekende beeld leer die Heilige Gees ons wat met ons gebeur omdat ons deur die geloof in Christus ingeplant is. Die liefde van Christus vir ons begin dan in ons lewens gestalte kry in die goeie werke wat ons doen. Daarom is ons goeie werke nie die rede of oorsaak waarom God aan ons die redding moet skenk nie, maar ons goeie werke is die bewys en die resultaat dat God klaar aan ons die redding geskenk het.

Op grond van hierdie waarheid wat die Heilige Gees troosryk aan ons harte verseël, volg daar nou 'n vraag wat elkeen voor die Here moet beantwoord: Is daar werklik goeie werke van dankbaarheid in my lewe te vinde? Kan ek en ander mense in my lewe sien dat ek deur die ware geloof in Christus ingeplant is? Of is daar maar net trosse blare – hope mooi woordjies en mooi gebaartjies – om my vrugteloosheid te verdoesel? Deur ons goeie werke word ons nie burgers van God se koninkryk nie. Ons goeie werke is die bewys dat ons reeds burgers van God se koninkryk is. By wyse van spreke: Ons goeie werke is ons ID-boekie om te sê dat ons hemelburgers is.

Geliefdes, tot dusver het die Heilige Gees ons daarop gewys dat ons goeie werke nooit as te nimmer ons redding by God kan verdien of selfs tot ons redding bydra nie. Tog bly goeie werke noodsaaklik, want dit lewer vir ons en ander mense die bewys dat ons reeds kinders van God is. Maar al verdien ons goeie werke niks nie, wil God tog ons goeie werke in hierdie en in die toekomstige lewe beloon. Hoe moet ons hierdie beloning dan nou verstaan?

Hierdie tweede vraag in Sondag 24 vang die gelowige glad nie onkant nie. Ons is terdeë daarvan bewus dat God op verskeie plekke in die Bybel belowe dat Hy die goeie werke sal beloon. Vir iemand wat die Here en sy werk met mense nog nie goed ken nie, sal dit klink asof die Here Homself nou weerspreek. Want oppervlakkig sal dit vir so 'n mens klink asof die beloning van goeie werke tog kan beteken dat ons goeie werke ons redding kan verdien.

Maar luister hoe bely ons dit: ***Hierdie beloning word nie uit verdienste nie maar uit genade gegee***. Christus sê immers self:

> **Wanneer julle alles gedoen het wat julle beveel is, sê dan: Ons is onverdienstelike diensknegte, want ons het gedoen wat ons verplig was om te doen.**
> (Lukas 17:10 AFR53)

As 'n slaaf gedoen het wat van hom verwag is, was dit nie nodig dat sy eienaar hom daarvoor hoef te bedank nie. Hy het maar bloot gedoen wat hy moes doen. Maar as die eienaar tog vir hom dankie sê, is dit genade. So is ons ook maar net slawe van God. Ons doen wat Hy ons beveel om te doen omdat Hy ons sy kinders gemaak het. En as ons nou vreugde en 'n goeie lewe uit die hand van die Here geniet, is dit 'n bonus van genade. 'n Mens kan hierdie genadeloon vergelyk met 'n honorarium wat aan iemand gegee word. Iemand wat 'n werk in opdrag van 'n komitee doen, het geen reg op enige vergoeding vir daardie werk nie. Maar as die komitee tog iets wil gee, is dit maar net om dankie te sê.

Om hierdie genadeloon van die goeie werke te kan verstaan moet ons onthou dat ons geen goeie werke buite Christus om kan doen nie. Hy sê immers self dat ons niks sonder Hom kan doen nie (Joh 15:5). Dit is tog Christus wat ons in staat stel om goeie werke te doen. Dit is Hy wat sy liefde en genade in ons uitstort deur die Heilige Gees. Eintlik is dit Christus wat die goeie werke doen en ons net as sy instrumente gebruik om dit te doen. En nou bestaan die genadebeloning daarin dat die loon wat na regte aan Christus gegee moet word, nou aan ons, die instrumente, toegereken word – en so 'n beloning spreek tog van begin tot einde net van genade.

Geliefdes, in hierdie deel van ons Kategismus word die genade van God in sy grootsheid aan ons voorgehou. Uit genade is ons gered deur die geloof, en ook is die geloof nie uit onsself nie, want geloof is 'n genadegawe van God. Uit genade het God ons in Christus herskep om goeie werke te doen, om vrugte van geloof en dankbaarheid te dra. Uit genade wil God hierdie goeie werke ook beloon. Werklik: genade, alles genade!

Daarom moet ons daagliks uit hierdie genade leef. Ons moet ons goeie werke doen en weet dat ons eenmaal van God daarvoor 'n genadeloon sal ontvang, want ons arbeid in die Here is nie tevergeefs nie (1 Kor 15:58).

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 2-1:5, 6, 7 (19:5, 6, 7)

5 "Van hoë kindskap het ek neergestort / en is nie werd u seun genoem te word;
as ek, my vader, wat u gramskap vrees, / as ek by u 'n huurling maar kan wees."

6 Die vader sien sy slawe wagtend staan; / "Bring hier die beste kleed, trek hom dit aan;
bring vir sy hand die ring van fynste gloed / en skoeisel vir sy afgesloofde voet,

7 "Want hy, my seun, oor wie ons vrolik is, / was dood en het, in bly herrysenis,
weer lewendig geword; en hy, my kind, / vir my verlore, is eind'lik weer gevind."

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
15 Junie 2014